# Mandelaweek @ Universiteit Stellenbosch 2018

## "100 maniere om 'n verskil te maak"

Dit is weer daardie tyd van die jaar, wanneer personeel en studente die geleentheid het om deur vrywilligerswerk tot sosiale impak by te dra. Op institusionele vlak is die fokus om geleenthede vir Mandela-dag te skep wat tot voortgesette vrywilligerswerk vir personeel en studente kan lei.

Die volgende inligting word uiteengesit:

a) US-geleenthede wat ter viering van Mandela-dag plaasvind
b) Geleenthede vir vrywilligerswerk in Julie 2018. Vrywilligersgeleenthede word met die "Vrywilligers benodig"-ikoon aangetoon.

Vrywilligers benodig    Donasies benodig    Neem deel aan die pret

**Klik op die aktiwiteitsnaam vir meer inligting oor die geleentheid**.

## Tygerberg: 17–25 Julie 2018

| Aktiwiteit | Datum en tyd | Organisasie/Begunstigde | Plek | |
|---|---|---|---|---|
| Bederfdag | 17–25 Julie 14:00–17:00 | Tygerberg-kampuskoor | Sarepta-ouetehuis | |
| Brugskoonmaak | 17 Julie 14:00–17:00 | Groep vrywilligers | Francie van Zijl-rylaan | |
| Toasties for tummies | 18 Julie 06:00–12:30 | Besoek aan pasiënte | Buitepasiënt-departement by Tygerberg Hospitaal | |
| Tygerberg-kampus Pretdraf/-stap | 18 Julie 16:45 vir 17:00 | Tygerberg Pantry Project | Tygerberg-kampus rugbyveld | |
| Tafels van tien – kom ons gesels | 19 Julie 14:00–15:30 | Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | Tygerberg-kampus | |
| Troospakkies en voedselitems vir studente | 18 Julie tot 3 Augustus | Studente, koshuise, PSO's en studenteverenigings | Tygerberg-kampus | |

**Commented [LB1]:** Time is not indicated with an h anymore. There are many other errors in the English text.
One of them is the use of days and the year, which is done inconsistently. "Date and time" does not mean the name of the day as well.

## Stellenbosch: 21 Junie – 27 Julie 2018

| Aktiwiteit | Datum en tyd | Organisasie/Begunstigde | Plek | |
|---|---|---|---|---|
| **Die Knitting Circle-projek** | Middagete op 21 Junie, 27 Junie, 3 Julie, 12 Julie | Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling | Victoriastraat 43, Stellenbosch | |
| **Kamermusiek-gemeenskapskonsert** | 15 Julie 12:00 | Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees & e'Bosch-erfenisprojek | Rietenbosch Laerskool-saal, Cloetesville | |
| **Siyanqoba Crèche se besoek aan die Spur** | 17 Julie | Sentrum vir Leertegnologieë | Kayamandi | |
| **Kuyasa-sentrum bou- en instandhoudingswerk** | 18 Julie 09:00–13:00 | US Fasiliteitsbestuur | Kuyasa-sentrum, Kayamandi | |
| **Maties Sport se Mandela-dag** | 18 Julie 10:00–13:00 | Maties Sport | Devon Valley Laerskool | |
| **After Mandela: Citizenship, Generation, Historical Time – 'n tafelronde-colloquium** | 18 Julie 12:00–14:00 | Studies in Historiese Trauma en Transformasie, Indeksering van Transformasie en STIAS | STIAS-herehuisbiblioteek | |
| **'n Huldeblyk aan die oorspronklikes – liedere van hoop** | 20 Julie 18:00–21:00 | Stellenbosch Academy of Design and Photography | Fismersaal, Konservatorium | |
| **Troospakkies en voedselitems vir studente** | 18 Julie tot 3 Augustus | Studente, koshuise, PSO's en studenteverenigings | Stellenbosch-kampus | |
| **Toasties for Tummies** | 27 Julie 10:00–14:00 | Stellenbosch-kampus | Die Dek, Neelsie Studentesentrum | |

## Kylemore 25 Julie 2018 (Woensdag)

**(Stellenbosch- en Tygerberg-personeel en -studente)**

Klik hier vir 'n kaart en aanwysings na Hoërskool Kylemore

| Aktiwiteit | Datum en tyd | Organisasie/Begunstigde | Plek | |
|---|---|---|---|---|
| **WOW-debatfees** | 25 Julie 12:00–14:00 | WOW | Kylemore Hoërskool | |
| **Gesondheidsbevordering** | 25 Julie 12:00–14:00 | Tygerberg-kampusstudente | Kylemore Hoërskool | |
| **Sportdag** | 25 Julie 12:00–14:00 | Maties Sport | Kylemore Hoërskool | |
| **Amazing Reading Race** | 25 Julie 12:00–14:00 | Taalsentrum | Kylemore Hoërskool | |

Kontakpersone:

- Amazing Race: Faika Haroun – faika@sun.ac.za
- Maties Sport: Juanita Jacobs – juanitajacobs@sun.ac.za
- Tygerberg: Avril Whate – acw@sun.ac.za
- WOW: Fiona van Kerwel: wow@sun.ac.za
- Stellenbosch: Michelle Pietersen – mpieters@sun.ac.za

**Commented [LB2]:** From where?

# Besonderhede van gebeure

## 100 Sarepta-ouetehuis (Bederfdag)

### Agtergrondinligting

MGD beplan om tydens Mandela-week inwoners van die Sarepta-ouetehuis te besoek en te vermaak. Die inwoners kry beperkte stimulasie en ons beplan om ’n koppie tee saam met hulle te geniet en ’n paar bord- en kaartspeletjies met hulle te speel. Hulle sal ook ’n manikuur kan kry.

**Aktiwiteit sal die volgende insluit:**

- Bederfsessies
- Voorlesing
- Kaartspeletjies
- Tee en koek
- “Idols”-kompetisie

**Datum:** 17–25 Julie 2018
**Tyd:** 14:00–17:00
**Plek:** Serepta-ouetehuis
**Kontakpersoon:** Avril Whate – acw@sun.ac.za

## Brugskoonmaak

Die gebied wat Kadawer heet in Francie van Zijl-rylaan is as ’n hoërisiko-gebied vir aanvalle geïdentifiseer. Die skoonmaakprojek wat vir Mandela-dag beplan word, behels ’n groep van 60 tot 80 vrywilligers om die area onder die brug skoon te maak om dit te beveilig. Die groep vrywilligers sal ook die kanaal langs die spoorlyn skoonmaak.

**Commented [LB3]:** English poor.

**Datum:** 17 Julie 2018
**Tyd:** 14:00–17:00
**Plek:** Kadawer
**Kontakpersoon:** Avril Whate – acw@sun.ac.za

**Commented [LB4]:** These should be in the same order every time.

## Die Knitting Circle-projek




Die Forum vir Sosiale Betrokkenheid van die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling gaan vierkante en teddiebere brei en samel komberse, sagte speelgoed en toiletware in op om 18 Julie aan Tygerberg Hospitaal te oorhandig.

- Vierkante en teddiebere vir kinders sal oor middagtee op die volgende dae tydens die Knitting Circle gebrei word: 21 Junie, 27 Junie, 3 Julie en 12 Julie.
- Dit is oop vir alle personeel – van beginners en dié wat wil leer brei tot bedrewe breiers. Mans is ook welkom!
- Gebreide komberse en teddiebere sal op 18 Julie aan die kinders in die kindersaal van Tygerberg Hospitaal vir Mandela-dag oorhandig word.
- Skenk asseblief sagte speelgoed, tandepasta, tandeborsels, seep, sjampoe, nat afveedoekies en babapoeier by Victoriastraat 47.

**Datum:** 21 en 27 Junie, 3 en 12 Julie 2018
**Tyd:** 13:00–14:00
**Plek:** Victoriastraat 43, Stellenbosch
**Kontakpersoon:** Delisha van Neel – dvanneel@sun.ac.za

**Commented [LB5]:** Not sure whether they have an official Afrikaans title?

**Commented [LB6]:** Here it said squares for teddy bears. Below squares OR teddy bears. Also, the slash between blankets, soft toys etc. means that either one of those products are given, when in fact they are all given.

**Commented [LB7]:** Also, there is a difference between knitting and crocheting! This is a knitting circle, and 'knitted' is used only once.

**Commented [LB8]:** Why 2018 here, but not after the other dates too? I am not commenting further on errors in the English text.

## Kamermusiek-gemeenskapskonsert

Die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees in vennootskap met die e'Bosch-erfenisprojek en Rietenbosch Laerskool bied 'n gemeenskapskonsert op **Sondag 15 Julie om 12:00** in die **Rietenbosch Laerskool-saal, Cloetesville,** aan.

Die Feeskonsertorkes is 'n groot, lewendige simfonie-orkes bestaande uit 100 studente van Suid-Afrika, Zimbabwe, Nigerië, Mosambiek en verder! Die studente kom as deelnemers aan die 15de jaarlike Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees bymekaar, wat by die Departement Musiek van die Universiteit Stellenbosch van 6 tot 15 Julie aangebied word.

Ons beroemde verteller by hierdie konsert is niemand anders nie as **Xola Ntshinga**, aan die meeste van ons bekend as SuperSport se hoofrugby-ankerman. Xola het by die beroemde Drakensberg Seunskoor skoolgegaan. Die konsert word gedirigeer deur **Xandi van Dijk**, seun van die komponis Peter Louis van Dijk, wat die musiek geskryf het vir die kindermusiekverhaal *The Musicians of Bremen*. Die konsertprogram sluit ook die geliefde koorwerk, *Bawo Thixo Somandla*, en klassieke gunstelinge deur Verdi en Tchaikovsky in.

Aartsbiskop emeritus Desmond Tutu het in 2013 saam met die Feeskonsertorkes opgetree en gesê, "*Dit was fantasties. Dit gee soveel hoop vir ons kinders. Ek was diep ontroer toe ek na kinders van die sogenaamde informele nedersettings gekyk het wat daardie instrumente bespeel. Dit sê sjoe, ons het sulke fantastiese potensiaal. Wat 'n wonderlike land kan ons nie word nie.*"

Bring die hele gesin na hierdie spesiale gemeenskapskonsert. **Toegang is gratis!**

**Datum:** 15 Julie 2018
**Tyd:** 12:00–13:00
**Plek:** Rietenbosch Laerskool-saal, Cloetesville
**Kontakpersoon:** Fiona Grayer – concerts@sun.ac.za of 021 808 2358

## Siyanqoba Crèche

### Agtergrondinligting:

Die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) het Siyanqoba Crèche in Kayamandi in 2016 onder hul vlerk geneem. Die vriendskap het begin toe die sentrumpersoneel die gebou geverf het en leervoorraad tydens 'n uitreikaksie in Desember 2016 verskaf het. Met die groot storm in Junie 2017 het die gebou windskade gely en, met hulp van die Universiteit Stellenbosch, is 'n Wendy-huis gebou om die vorige gebou te vervang – onder die wakende oog van Zainab Suliman, bedryfsbestuurder van die SLT. Mandela-dag in Julie 2017 was 'n dag waarop die span by SLT mekaar asook die onderwysers en kinders by Siyanqoba beter kon leer ken deur herinneringe te maak en terug te gee aan die gemeenskap terwyl die gees van Nelson Mandela lewend gehou is. Hierdie vriendskap is versterk met die Kerspartytjie wat deur die personeel van SLT vir Siyanqoba gehou is en met die onlangse Valentynsdagbesoek.

**Commented [LB9]:** Why must this be written in the past tense, when Mandela Day hasn't been yet?

Benewens voortgesette ondersteuning in die vorm van verskaffing van maandelikse kos en skryfbehoeftes is 'n projek ook tans aan die gang om 'n toilet by die skool te installeer.

Op Dinsdag 17 Julie sal die SLT-span die kinders Spur toe neem vir 'n partytjie ter viering van Mandela-dag.

## Kuyasa-sentrum: Bou- en instandhoudingswerk

Die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Fasiliteitsbestuur gaan op nasionale Mandela-dag hul tyd skenk aan bou- en instandhoudingswerk by Kuyasa-sentrum in Kayamandi.

Die hele span (ongeveer 100 mense, kontrakteurs ingesluit) sal bydra, en die volgende areas vir verbetering is by die fasiliteit geïdentifiseer:

- Herstel die heinings van die groentetuin
- Verwyder vullis
- Koppel die bestaande tenks aan reënwatergeute
- Plant 'n tuin aan die agterkant van die fasiliteit
- Plant 'n paar bome
- Herstel daklekkasies en stukkende geute
- Herstel vloere in die gebou
- Verf die gebou
- Stel 'n brandontruimingsplan op en bied 'n brandopleidingskursus vir werknemers aan
- Herstel die bestaande loodgietery, riolering en stormwaterinstallasies
- Doen ander klein bou- en herstelwerk
- Doen elektriese herstelwerk

Die fasiliteit benodig ook skenkings van ou boeke en meubels vir die Sondagskool wat daar aangebied word.

**Inligting oor Kuyasa:**

Kuyasa (beteken 'dagbreek')
*Ons bemagtig 'n nuwe generasie Christen-leiers deur holistiese ontwikkeling van die gemeenskap.*

Kuyasa is 'n program met die doel om die gemeenskap te verbeter deur jongmense te bemagtig. Die omvattende program sluit die volgende in:

- Kinderborgskapprogram
- Voedingskema
- Leersentrum
- Uitvoerende kunste
- Sport
- Leierskapontwikkeling

**Datum:** 18 Julie 2018
**Tyd:** 09:00–13:00
**Plek:** Kuyasa-sentrum, Kayamandi
**Kontakpersoon:** Aloma Fourie – alomaf@sun.ac.za

## Maties Sport se Mandela-dag

Maties Sport gaan op 18 Julie ’n **Sportdag** by Devon Valley Laerskool aanbied.

Afrigters gaan vir die leerders lees en daar sal verskeie sportstasies op die rugbyveld wees. Die program skop met ’n **WALK WITH ME**-kragstap vir 67 minute af.

**Commented [LB10]:** The coaches are going to READ? What does that have to do with a sports day?

**Datum:** 18 Julie 2018
**Tyd:** 10:00–13:00
**Plek:** Devon Valley Laerskool
**Kontakpersoon:** Juanita Jacobs – juanitajacobs@sun.ac.za

## After Mandela: Citizenship, Generation, Historical Time – ’n tafelronde-colloquium

***Vier vooraanstaande professors doen kritiese besinning oor Nelson Mandela se erfenis***
*Sarah Nuttall (Wits), Achille Mbembe (Wits), Jean Comaroff (Harvard) en John Comaroff (Harvard)*

In hul kritiek van die Mandela-generasie dat hulle ’n noodlottig onvolkome revolusie gekweek het, word Suid-Afrikaanse jongmense dikwels daarvan beskuldig dat hulle onwaarderend is van die gebeurlikheid van die geskiedenis. Maar, is hul toorn nie ook bewyse van wat Hanna Arendt as die kern van positiewe politiek beskou het nie: die daad van geboorte skenk aan iets nuuts – ’n krag wat sy “natality” genoem het, ’n wedergeboorte? Nietzsche se vertroue in die oneerbiedige kreatiwiteit van jongmense het immers uit hul posisionaliteit voortgespruit, uit die feit dat die waarskynlikheid kleiner was dat hulle onderdruk sou word deur die stremmende krag van wat hy Monumentale Geskiedenis genoem het. In ’n skynbare teenstrydigheid kon die figuur van Mandela stellig hierdie oneerbiedigheid aangehits het. Nuttall en Mbembe doen aan die hand dat Mandela, toe hy nog geleef het, intens bewus was van die noodsaaklike ‘sterflikheid’ van sy eie persona, en dat hy die gebruik van sy erfenis aangemoedig het om ’n ander ruimte in die politiek te open; ’n ruimte wat tot hier toe ondenkbaar was. Hierdie tafelronde-colloquium ondersoek die vraag: Watter hoop en gevaar kan moontlik met die koms van die ondenkbare gepaard gaan, en wat kan dit moontlik vir die mite van Mandela self impliseer?

**Datum:** 18 Julie 2018
**Tyd:** 12:00–14:00
**Plek:** STIAS-herehuisbiblioteek, Maraisweg 10, Stellenbosch
**Kontakpersoon:** Jolene Pietersen – jrp1@sun.ac.za
**RSVP teen Vrydag 13 Julie** vir spysenieringsdoeleindes

## Tygerberg-kampus Pretdraf/-stap




Die Tygerberg Pantry Project hou op Mandela-dag ’n pretdraf/-stap om geld in te samel. Bywoners word aangemoedig om toiletware en niebederfbare voedselitems na die rugbyveld op die kampus te bring. Kom sluit by ons aan vir ’n prettige dag van musiek en pryse vir die wenners.

**Datum:** 18 Julie 2018
**Tyd:** 16:45 vir 17:00
**Plek:** Tygerberg-kampus se rugbyveld
**Kontakpersoon:** Avril Whate – acw@sun.ac.za

## Gesondheidsbevordering

Tygerberg-kampus gaan hulle toespits op gesondheidsbevordering, met die klem op die volgende:

- Seksueel oordraagbare infeksies
- MIV/vigs
- Voorbehoedmiddels

**Datum:** 25 Julie 2018
**Tyd:** 12:00–14:00
**Plek:** Kylemore Hoërskool
**Kontakpersoon:** Avril Whate – acw@sun.ac.za

## WOW-debatfees

WOW bied ’n debatsessie by Kylemore Hoërskool aan. Die doel is om kritiese en vinnige denkvaardighede, kommunikasie- en luistervaardighede en selfvertroue te ontwikkel en akademiese prestasie te verbeter.

**Datum:** 25 Julie 2018
**Tyd:** 12:00–14:00
**Plek:** Kylemore Hoërskool
**Kontakpersoon:** Fiona van Kerwel – wow@sun.ac.za

## ’n Huldeblyk aan die oorspronklikes – liedere van hoop

### Agtergrondinligting:




Die uitgangspunt van hierdie projek is die gebruik van kreatiewe praktyk – musiek – as ’n instrument om die diverse Stellenbosch-gemeenskap byeen te bring in ’n huldeblyk aan twee inwoners vir hul opoffering in die stryd om vryheid in hierdie land. “Waar woorde te kort skiet, praat musiek,” was die woorde van digter Hans Christian Andersen. Ons sal nooit heeltemal kan verstaan wat Peter Mayekiso en Samson Msemme deurgemaak het tydens hul gevangenskap op Robbeneiland nie, maar ons kan hul opoffering bekragtig.

Peter Mayekiso en Samson Msemme, inwoners van Kayamandi, Stellenbosch, was onder die eerste politieke gevangenes wat na Robbeneiland geneem is vir politieke aktiwiteite. Hul storie is grootliks onvertel en onopgeteken, hul opoffering onwaardeer en onerken. Hul storie is verlore in die skeure en verskuiwingslyne wat ons dorpe en stede op grond van geskiedenis, klas, ruimtebeplanning en alle kunsmatige dinge verdeel, tog is die ironie dat hul gevangenskap plaasgevind het ter wille van ideale van nierassisme, verbondenheid, eenheid, gemeenskap en vryheid.

Om hierdie mans te vereer, bring ons een van die bekendste jazz-kunstenaars, Herbie Tsoaeli, en sy African Time Quartet na Stellenbosch om op te tree en verering, genesing, hoop en gemeenskap deur klank te kontekstualiseer. Herbie Tsoaile het die statuur, gravitas, talent en vernuf om die belang van die projek asook die rol van kreatiwiteit en musiek as instrumente om genesing en gemeenskapsbou in die hand te werk, te verstaan.

**Commented [LB11]:** Many errors.

**Datum:** 20 Julie 2018
**Tyd:** 18:00–21:00
**Plek:** Fismer-saal, Konservatorium
**Kontakpersoon:** Mawethu Nyakatya – nyakatya@sun.ac.za

### Voorlopige program – Vrydag 20 Julie 2018

| Tyd | Item | |
|---|---|---|
| 18:00 | Verwelkomingsuitvoering | Khayamandi-dansgroep |
| 18:30 | Verwelkomingstoespraak | Universiteitsbestuur |
| 18:35 | Storievertelling | Gesinslede van voormalige Robbeneiland-politieke gevangenes |
| 18:50 | Toespraak | Voormalige Robbeneiland- politieke gevangenes |
| 19:05 | Mosie van dank | Stellenbosch Academy of Design and Photography |
| 19:10 | Pouse | Pouse |
| 19:30 – 21:00 | Jazz-uitvoering | Herbie Tsoaeli en die African Time Quartet |

## Toasties for Tummies

### Agtergrondinligting

Toasties for Tummies is ŉ inisiatief waar verskillende organisasies en belanghebbendes byeenkom om toebroodjies vir verskeie skole en organisasies in en om Stellenbosch voor te berei. Die idee is om soveel moontlik personeel, studente, organisasies en skenkers te kry om met die voorbereiding van die toebroodjies te help. Hierdie jaar is die doelwit om 10 000 toebroodjies te maak.

Die voorbereiding van die toebroodjies sal as volg plaasvind:

**Tygerberg**

**Datum:** 18 Julie 2018
**Tyd:** 06:00–12:30
**Kontakpersoon:** Avril Whate – acw@sun.ac.za

- Begin om 06:00 toebroodjies maak vir pasiënte wat die Buitepasiënt-departement by Tygerberg Hospitaal besoek (verskillende departemente sal verskillende tydgleuwe kry om toebroodjies te maak).
- Die koor sal die pasiënte vermaak terwyl die toebroodjies uitgedeel word.

**Stellenbosch**

**Datum:** 27 Julie 2018
**Tyd:** 10:00–14:00
**Kontakpersoon:** Michelle Pietersen – mpieters@sun.ac.za

Voorbereiding sal Vrydag 27 Julie op Die Dek (boonste vloer van die Neelsie) op die Stellenbosch-kampus plaasvind.

Skofte vind elke uur plaas. Ons het ook 'n bekende MC, Wayne Mckay, wat bekend staan in die vermaaklikheidsbedryf as 'n Stand-up-komediant, akteur, radio- en televisie-stemkunstenaar en gewilde seremoniemeester.

## Registreer hier

**Skenkings/Borgskappe:**

Departemente en fakulteite word aangemoedig om **brood** vir die toebroodjies te skenk:

LW: Alle skenkings moet op die toepaslike datums by bogenoemde lokale afgelaai word.

## Maties Sportdag

### Agtergrondinligting

Dit is 'n geleentheid waar personeel en studente hul tyd kan bydra deur deel te neem aan 'n sportdag saam met leerders van Kylemore Hoërskool.

Die volgende sportsoorte sal aangebied word:

Sandblad:

- Maties Sokker
- Maties Rugby – raakrugby

Netbalbane:

- Maties Netbal – vinnige netbal
- Maties Pluimbal

Rugbyveld:

- Maties Atletiek – hindernisbaan
- Maties Ultimate – frisbee

**Datum:** 25 Julie 2018
**Tyd:** 12:00–14:00
**Plek:** Kylemore Hoërskool
**Kontakpersoon:** Juanita Jacobs – juanitajacobs@sun.ac.za

## Amazing Reading Race

Commented [LB12]: Earlier it is just called Amazing Race.

Die Amazing Reading Race is 'n pretprogram wat ontwerp is om bewustheid van die belang van lees met spoed en begrip te skep. Groepe leerders sal teen mekaar meeding deur 'n geskikte teks te lees en begripsvrae daaroor te beantwoord. As die antwoorde 100% reg is, sal hulle 'n taak ontvang. Die eerste groep wat die taak voltooi, wen die resies.

**Datum:** 25 Julie 2018
**Tyd:** 12:00–14:00
**Plek:** Kylemore Hoërskool
**Kontakpersoon:** Michelle Pietersen – mpieters@sun.ac.za

## Tafels van tien – kom ons gesels

In 2018 het ons twee eeufeesvieringe – ons Universiteit is 100 jaar oud en ons vier 100 jaar sedert Nelson Mandela gebore is. Watter verskillende weë het hierdie twee ikone gevolg! ’n Mens kan aanvoer dat die besluite van eersgenoemde die weg gebaan het vir laasgenoemde se dapper optrede in die stryd teen diskriminasie. In die 1930’s het Mandela by die enigste universiteit vir swart mense (Afrikane, bruin mense en Indiërs) in Suid-Afrika in daardie tyd ingeskryf.

Vandag, terwyl ons hierdie eeufeeste vier, is ons intens bewus van die talle uitdagings vir die samelewing in ons begeerte om erkenning te gee aan die verlede en vorentoe te beweeg as ’n samelewing wat saamwerk vir ’n beter toekoms. Wat hiervoor belangrik is, is om sosiale dialoog tussen belanghebbendes in die samelewing aan die gang te sit.

Daar is verskillende perspektiewe oor **sosiale samehang –** die VN se Departement van Ekonomiese en Sosiale Sake definieer dit as “die gom wat die samelewing bymekaar hou”. ’n Samehangende samelewing is een waar mense beskerm word teen lewensrisiko’s, hul bure en staatsinstellings vertrou en vir ’n beter toekoms vir hulself en hul gesinne kan werk. (http://www.un.org/en/development/desa/news/policy/perspectives-on-social-cohesion.html. 2012)

Die Universiteit Stellenbosch en ons fakulteit is bloot ’n mikrokosmos van die samelewing. ’n Deel van ons Mandela-dag-inisiatiewe is om personeel en studente uit te nooi om te besin oor die rol wat ons as individue en gesamentlik kan speel om tot sosiale samehang in ons fakulteit en verder by te dra.

**Commented [LB13]:** Which faculty is this?

Ons het hierdie geleentheid geskep vir tien tafels van tien mense (10 keer 10 = 100 …) om in gesprek te tree in die week van gedenking.

Elke tafel van tien sal bestaan uit ’n mengsel van personeel en studente met ’n fasiliteerder – ons hoop om vir 90 minute die geleentheid vir sosiale dialoog te skep.

Bespreek jou plek – nooi ’n kollega of ’n vriend saam. Ons is seker dat hierdie die geleentheid vir voortgesette dialoog in ons fakulteit sal skep. Kom wees deel hiervan.

**Datum:** 19 Julie 2018
**Tyd:** 14:00–15:30
**Plek:** Sal bevestig word

**RSVP deur hierdie vorm in te vul en dit so gou moontlik na Ronelia Booysen by** ronelia@sun.ac.za **te stuur – plekke is beperk.**

## Troospakkies en voedselitems vir studente

### Mandela-dag 2018

“Toiletware en kos vir behoeftige studente”

Ons doel is om nie-bederfbare voedsel-items en toiletware in te samel vir studente wat dringende behoeftes het.

As deel van die Mandela-~~-~~dag-vieringe~~,~~ wil ons graag alle medestudente, koshuise, PSO’s en studenteverenigings aanmoedig om toiletware (pakkies met basiese benodighede) en nie-bederfbare voedsel-items te skenk vir studente wat dringende behoeftes het.

Die volgende items word benodig:

**Nie-bederfbare voedsel-items:**

- ✓ ~~i~~Ingemaakte bone
- ✓ ~~g~~Geblikte vis
- ✓ ~~r~~Rys
- ✓ “~~T~~Two minute” noedels
- ✓ Suikermielies
- ✓ Suiker
- ✓ Enige ~~a~~ander nie-bederfbare voedsel-items
- ✓ ~~p~~Pakkies sop
- ✓ ~~p~~Pasta
- ✓ ~~g~~Geblikte gemengde groente
- ✓ ~~g~~Geblikte ertjies
- ✓ H~~h~~awer
- ✓ ~~t~~Tee

Formatted: Font: Not Italic

**Toiletware-pakkies** moet asseblief die volgende basiese items bevat:

- ✓ ~~s~~Seep
- ✓ ~~t~~Tandepasta
- ✓ ~~roll-on / a~~Aanrol-reukweerder ~~onderarm~~
- ✓ ~~v~~Vaseline
- ✓ ~~l~~Lyfroom
- ✓ ~~w~~Waspoeier

**Gebruik jou 67 minute en skenk donasies vanaf ~~die~~ 18~~de~~ Julie tot ~~die~~ 2~~de~~ Augustus 2018 by die volgende aflaai-punte:**

- Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling by Victoriastraat 37, of die kantoor van die ~~M~~maatskaplike ~~W~~werker by Victoriastraat 49
- Transformasie ~~K~~kantoor by Admin A ~~Gebou~~ (~~G~~gebruik die ingang by die IT HUB)
- Tolkdienste (Taalsentrum), Kamer 1028, by Admin A ~~Gebou~~ (~~G~~gebruik die ingang by die IT HUB)
- Tygerberg-kampus – TSS (Adri Brits se ~~K~~kantoor)
- Ons wil graag elke departement/fakulteit uitdaag om hul eie afleweringpunte binne hul departemente of fakulteite te skep.~~;~~

**~~Vir navrae, k~~Kontak die volgende personeellede vir enige navrae:**

| | |
|---|---|
| Cheryl Cornelissen: cherylc@sun.ac.za | 021 808 4182 |
| Lizzie Witbooi: lgwitbooi@sun.ac.za | 021 808 4511 |
| Melanie Willems: mwillems@sun.ac.za | 021 808 3675 |
| Grizelda Adams: grizeldaa@sun.ac.za | 021 808 4010 |
| Adri Brits: a3b@sun.ac.za | 021 938 9591 |